Word vol van die Gees | 28 Mei2023 | Ds. Dirkie van der Spuy

dvdspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Met die ontstaan en beginjare van Moreleta Park gemeente het die Here **Esegiël 47:1-5, 12** op verskeie maniere gestuur en bevestig dat dit Sy plan is vir hierdie gemeente. Water vanaf God se troon vloei in die woestyn en stroom al sterker, dieper en wyer. Waar die stroom kom, groei bome met vrugte en blare van genesing. In Pinkster moet ons elkeen onsself ondersoek of ons deel van hierdie visie is. Hierdie bespreking se doel is dat ons onsself ondersoek om seker te maak of ons vol is van die Heilige Gees.

Wenke vir leier

1.Maak seker dat elkeen in die Kring geleentheid kry vir selfondersoek oor hulle verhouding met God die Heilige Gees.
2.Maak seker dat elkeen betrokke is en saam praat oor die rol van die Heilige Gees in hulle lewe.
3.Maak genoeg tyd aan die einde vir oorgawe en toewydingsgebede.

Lees saam Gesels saam

1. Lees **Esegiël 47: 1-5, 12** en verduidelik presies wat hierdie visione behels.

2.Lees **Johannes 7:37 – 39.** Hoe het Jesus die betekenis van die Heilige Gees se koms verduidelik in Johannes 7:37 – 39

3.Lees **Handelinge 2:1-4** en **Handelinge 2:43-47** en verduidelik hoe die profesie van Esegiël 47 vervul is in die ontstaan van die eerste Christelike Kerk.

4. Gee vir elkeen kans om enigiets te vertel van hoe hulle die profesie van **Esegiël 47** in vervulling gegaan het in Moreleta Kerk.

5. Bespreek die betekenis van **Efesiërs 5:18**.

6. Gee vir elkeen in die Kring kans om iets te vertel van die vervulling met die Heilige Gees in hulle eie lewe.

Doen saam

1. Gee kans vir terugvoer oor die ervaring van die gebedsweek in die groen saal.
2. Gee geleentheid vir getuienisse oor enige van die uitreike tydens die Deltaweek.
3. Gee geleentheid vir die Kringlede om twee-twee na mekaar te draai en te bid vir hulle persoonlike vervulling met die Heilige Gees.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke -
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035